

Dinsdag 27 April

Skrifgedeelte: Kolossense 3:5-17

Fokusgedeelte: Kolossense 3:5

Trek uit die onkruid in jou geloofstuin!

“Doodmaak” is so ’n sterk term. Ek weet nie of dit is soos mens ouer word nie, maar “doodmaak” is vir my al meer grillerig. Tog is dit presies waartoe die Here ons hier oproep: doodmaak. Siende ons ingereken is in die dood en opstanding van ons Here Jesus en “saam met Hom in God verborge is” (sien gister se dagstukkies), het ons nou ’n ander perspektief, ’n hemelse fokus. Hierdie nuwe fokus op dit wat vir die Here belangrik is, maak dat ons skielik sien wat voorheen vir ons belangrik was, maar nie meer inpas by God se prentjie vir ons nie. Sonde. Dit is seker die grootste ontnugtering wat mens kan beleef: wanneer die Here jou hart kom vernuwe en jy vir die eerste keer besef hoe verkeerd jy werklik teenoor Hom opgetree het. Mens weet nie eintlik waar om jou kop in te steek nie

...

Dit is egter juis waartoe ons nou opgeroep word in ons nuwe lewe: Raak ontslae van die sonde! Trek die onkruid uit wat daar in jou geloofstuin groei! U sien, dit is ’n daadwerklike aksie, dit is ’n besluit en ’n optrede. Die Here wys sonde vir ons uit deur sy Woord en medegelowiges, en dan moet ons dit doodmaak. So sterk voel die Here daarvoor. Doodmaak. My ervaring met onkruid is dat mens jou hand daarop moet hou. As jy so paar Saterdag se skoffel oorgeslaan het, dan neem dit sommer oor. So ook met die sonde, ons moet voortdurend daarteen stry. Dit kom sommer vanself weer terug.

Genadiglik is ons nie alleen in hierdie stryd nie. Die Here is besig om die nuwe lewe wat Hy in ons gewek het, al hoe meer na vore te laat kom. Ons word “al hoe meer vernuwe na die beeld van ons Skepper en tot die volle kennis van God”, en dit deur God self.

Sing: Psalm 25-1:5, 6

Ds. BA van der Walt (Banie) (Paarl)